http://akroterion.journals.ac.za

# PARAFRASE: JUVENALIS 6. 457 – 473

*R de Lange (Noordwes-Universiteit )*

Niks ontsê ’n vrou ooit vir haarself
niks is vir haar ongeoorloof om te doen
as sy haar uitgerekte ore met pêrels laat lel
en haarself verwurg met stene van groen.

Luister nou mooi, wees bewus en onthou:
daar is niks erger as ’n tè ryk vrou …
Met deeg plak sy haar gesig toe
(’n belaglike “doppie” , of sy
loop rond en stink met *parfum a là Poppie*)
en haar arme man — wat moet soen — wat moet proe —
kort voor lank plak dié mengsel sy lippe ook toe.

Met ’n blinkskoon-sagte vel sal sy haar skelmpie vry —
nou wanneer by die huis maak sy ooit mooi vir my?!
Haar vryers kry reukolie en salf word gekoop
by daai vervlakste klein Indiërtjies wat die wêreld vol loop.

Aan die einde van die dag moet sy haarself weer ontdop
(daar kom iets nou uit — dis ’n mens! dis ’n kop!)
eindelik herkenbaar (ietwat vreemd aan die begin)
dan besmeer sy haarself met melk van ’n eselin.
(As haar man as gesant die verre noorde toe moet gaan
dan sleep sy wragtig die donkies ook saam!)

Nou vra ek jou — met stoom, koek en deeg gegrimeer
noem mens dit ’n pragstuk of  ’n vieslike sweer?